

Kry kinders se hande uit jou sak en beursie

Versigtig vir neem van sentimentele annuïteit-besluite

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

Die hele week loop en wonder ek oor die vraag: As ek net een geldwenk toegelaat is oor hoe om jou aftrekgeld te rek, wat sal dit wees? Hou jou kinders uit jou sak uit. Ons is almal, glo ek, lief vir ons kinders. Ons help almal maar hier en daar, veral aan die begin van volwassenheid.

Maar èrens moet jy 'n streep trek. Die vuildoeke-stadium is gelukkig gou verby. Nou nie dat ek myself as 'n kenner hieroor sal uitspreek nie. My vrou was my genadig.

Maar die los van die spreekwoordelike rokpant kan soms ver gerek word. Tot laat in volwassenheid. Soms selfs nooit, lyk dit vir my.

Ons praat geld, aftrekgeld

Te veel ouers gaan hul aftrede in met te min kapitaal om 'n behoorlike pensioen te voorsien. Die meeste mense het in elk geval te min om mee af te tree. As jy dan nog toelaat dat jou kinders jou melk (ja, dit is 'n lelike woord hier, maar dit is die waarheid), gaan jy jou lewe in finansiële ellende eindig.

Dieselfde geld natuurlik as jy onoordeelkundige finansiële besluite neem, kinders of nie kinders nie.

Maar ek wil juis die kinders en aftrekgeld beklemtoon, juis omdat ek so baie hoor van ouers wat hul pensioen kies "dat daar darem endag iets vir die kinders sal wees".


Ongeukkig word hierdie stuk sentiment uitgebuit deur gewetenlose finansiële raadgevers wat meer aan hul eie sak dink as aan die kliënt se welstand.

En dan word lewende annuïteite verkoop, pleks van 'n gewaarborgde pensioen wat lewenslank hou.




Moeilik om die ouerhuis te verlaat? Die los van die spreekwoordelike rokpant kan soms ver gerek word.

Só verskil die inkomste



Só kan jou kapitaal wegraak



'n Lewende annuïteit is 'n private pensioen waar jy kan besluit hoeveel jy per jaar wil onttrek, tussen 2,5% en 17,5%. By jou dood is dit wat in die fonds oor is beskikbaar vir 'n naasbestaannde - jou kind, byvoorbeeld.

Wat word nie gesê nie?

Jy dra die volle beleggingsrisiko. As jy minder groei kry as wat jy onttrek, daal jou kapitaal. Daar is geen waarborg nie.

Die koste, kommissie en fonds-

bestuurtarief is voortdurend, wat hoër eise stel aan groei, en jou kapitaal kan verweer.

Jou inkomste gaan afneem as jy die maksimum onttrekkingskoers van 17,5% bereik. Jou "iets vir die kinders nalaat" raak al hoe minder.

En vinnig.

'n Gewaarborgde pensioen, of lewensannuïteit, bied sekerheid van inkomste. Lewenslank. Jy het geen bekommernis oor beleggingsmarkte nie. Ook nie oor

voortdurende koste nie.

Jy kan die volle bedrag wat jy belê vir jou pensioen verseker sodat dit by dood beskikbaar is vir 'n naasbestaannde - die een ding wat die lewende-annuïteit-smouse skynbaar vergeet om te noem.

Voorbeelde spreek meer as woorde

Hier is dit in 'n werklike kwotasie by 'n bekende versekeraar. Ek vergelyk dit met 'n soortgelyke inkomste in 'n lewende annuïteit.

'n Man, 65 jaar, het R4 miljoen se aftrekgeld beskikbaar vir 'n pensioen. Hy wil ook seker maak dat sou hy sterf sy vrou vir die res van haar lewe dieselfde pensioen sal kry. En by die dood van die langlewende van hulle die volle R4 miljoen uitbetaal aan sy kinders.

Ek het twee scenario's gekies. 'n Maandelikse inkomste wat jaarliks groei met 5%. En een waar die inkomste lewenslank dieselfde bly (dit begin altyd met meer).

In albei gevalle tot by dood van die langlewende van hom of sy vrou. In albei gevalle ook met die oorspronklike kapitaal (R4 miljoen) beskikbaar by dood. En in albei gevalle ná alle koste.

Ek vergelyk dit met 'n soortgelyke inkomste per maand uit 'n lewende annuïteit, wat eweneens groei teen 5% per jaar. Die groei in die fonds is 'n billike en haalbare 9% per jaar. Voortdurende koste per jaar is 'n baie beskeie 1,5% per jaar.

Die gelykblywende inkomste is R34 797 per maand lewenslank.

Die inkomste wat jaarliks styg met 5% begin met R23 096 per maand vir sowel die lewende annuïteit as die lewensannuïteit.

Kyk na die grafiek oor inkom-

ste: Dit neem net 12 jaar vir die lewende annuïteit se inkomste om te begin afneem omdat jy die maksimum van 17,5% per jaar bereik het. Dan is ons voorbeeldman 77 jaar oud, met 'n lewensverwachting van nog sewe jaar. En dan, op 84, nog vier en 'n half jaar en so meer.

Vroue se lewensverwachting is hoër. Die man met die lewensannuïteit se vrou is verseker van 'n groeiende inkomste totdat sy sterf, selfs ná haar man se dood.

Kapitaalbeskerming

Die vrou van die man met die lewende annuïteit, nadat hy reeds 'n verminderde inkomste moes aanvaar ná 77, het net dit wat oor is in die fonds ná sy dood om vir haarself te sorg tot by haar sterfte.

Wat my bring by die kapitaalbeskerming. Vir die kinders, as jy dan wil.

Die volle R4 miljoen rand se kapitaal is beskikbaar as "iets om vir die kinders na te laat" in die lewensannuïteit. Net dit wat oorbly in die lewende annuïteit.

Kyk na die grafiek oor jou kapitaal: Sommer van jaar 2 (die rooi lyn) daal die beskikbare kapitaal vir jou nalatenskap aan kinders met 'n lewende annuïteit. Of wat beskikbaar is as sy jou oorleef.

Daar is plek vir lewende annuïteite.

Moet jou net nie om die bos laat lei deur sentimentele bemarkingstak oor "iets vir kinders nalaat" nie.

Kry onafhanklike finansiële raad voordat jy na produkte kyk.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële planner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.